Brittanje terug na Suid-Afrika.[343] Hy sou op 9 September 1893 vertrek en het besluit om nie, soos sy aanvanklike plan was, via Kaapstad te reis nie, maar via Durban, Lourenço Marques en die Suez-kanaal. Hy sou onder andere die ZAR verteenwoordig by 'n tentoonstelling in Antwerpen. Sy plan was om eers aan die einde van daardie jaar na Suid-Afrika terug te keer en sou op sy terugreis by Marie Koopmans-De Wet in Kaapstad aangaan om vir 'n tyd lank onder haar vleuels deur te bring.[344] Hy het haar daaraan herinner dat daar slegs één stoomboot per maand langs die Ooskus opgevaar het en aangesien die Volksraad buitengewoon lank gesit en hy nie uit Pretoria kon wegkom solank die raad vergader het nie, moes hy halsoorkop na Durban gaan om op 'n skip te kom en kon hy nie sy voorneme uitvoer om eers gou na Kaapstad te reis om haar te groet nie.[345] Hy het aan sy tante genoem dat dit vir hom aangenaam sou wees indien hy iets vir haar in Europa kon doen. Sy kon die brief na sy moeder in Nederland stuur by adres: Mev. De Menthon Bake, Riouwstraat 12, 's-Gravenhage. Hy het gehoop om sy vader in Italië te ontmoet. Hy het ook geskryf dat hy en sy vader geen groot vriende was nie,[346] maar hoe ouer hy geword het, hoe meer het hy besef dat 'n kind eerbied aan sy ouers verskuldig was, selfs al het hy oor baie dinge van hulle verskil.[347] Kort ná die brandepisode in September 1893 het die reis na Europa gerealiseer. Engelenburg het selfs tyd gevind om Portugal te besoek.[348]

Vroeg in 1894 was hy terug in Suid-Afrika en het hy in Kaapstad aan wal gestap. Voordat hy na Pretoria gereis het, het hy 'n paar dae by Marie Koopmans-De Wet en haar suster vertoef. Ná sy lang afwesigheid het dit hom die eerste dag by die kantoor heelwat moeite gekos om weer die bestuur van die koerant oor te neem. Teen 20 Januarie 1894 was hy weer heeltemal in die roetine en het sy Europese reis gevoel soos 'n gebeurtenis wat lank tevore plaasgevind het.[349] Die

343 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 22.07.1893.
344 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 07.09.1893.
345 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 07.09.1893.
346 Sedert sy vader se egskeiding van Engelenburg se moeder was die verhouding tussen pa en seun nie goed nie.
347 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 07.09.1893.
348 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Paspoort van F.V. Engelenburg.
349 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.01.1894.




Illustrasie 18: Christina Johanna Engelenburg-Vos.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.

toestande in Transvaal het hom nie baie geval nie: by die koerant het dit baie druk gegaan en op politieke gebied was dit treurig.[350] Ewald Esselen is intussen tot staatsprokureur benoem. Engelenburg het gemeen dat die benoeming slegs was om die Afrikaners hulle sin te gee dat Afrikaner-amptenare in die poste aangestel moes word. ŉ Afrikaner is, volgens hom, aangestel om nogmaals op die proef gestel te word. Geluk dit, was dit goed. Misluk dit, dan moes die gemeenskap nie kla as ŉ Nederlander benoem word nie.[351]

**Engelenburg as meningsvormer oor kultuur**

As hoofredakteur van *De Volksstem* het Engelenburg hom hoofsaaklik as politieke kommentator en meningsvormer onderskei en voortdurend ekonomiese vooruitgang bepleit. Hy het wel ook besef dat ŉ vooruitstrewende volk se kultuur nie agterweë kon bly nie. Die fyn kulturele agtergrond wat Engelenburg in Nederland ontwikkel het, kon hy met groot sukses na Suid-Afrika oordra. Afgesien van sy liefde vir die visuele kunste, het hy ook groot belangstelling in die uitvoerende kunste getoon. Die Presidentteater is ŉ jaar voor Engelenburg se aankoms op die suidwestelike hoek van Kerkplein opgerig.

Dit is opvallend dat ŉ groot aantal toneelverenigings sedert 1890 onder die Nederlandse inwoners ontstaan het. Een so ŉ vereniging was die Rederykerskamer Onze Taal (ROT), gestig op 1 Februarie 1891, wat die botoon op die terrein van die verhoogkuns onder die Pretoriase Nederlanders gevoer het en waarvan Engelenburg lid was. Een van die hoofdoelstellings van die ROT was die bevordering van die Nederlandse taal. Die ROT het wisselende sukses behaal, hoofsaaklik omdat verskeie lede versuim het om lidmaatskapgeld te betaal en sommige werkende lede nooit by repetisies opgedaag het nie. In Januarie 1893 het Onze Taal vir Engelenburg afgevaardig na die taalfees op Burgersdorp in die Kaapkolonie. Daartydens is die gelykstelling van Nederlands en Engels herdenk. Engelenburg het tydens die fees namens die vereniging ŉ silwergedenkpenning aan die Taalfeeskommissie oorhandig. By dié geleentheid is die Taalfeesmonument in Burgersdorp onthul. Daarna was die ROT weer minder aktief. In 1894

---

350 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.01.1894.

351 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.01.1894.

het dit gelyk of daar weer iets konstruktiefs by die ROT-vereniging aan die gang was. Nadat verskillende nuwe toneelstukke uit Nederland bestel is, het Onze Taal met hierdie nuwe 'arsenaal' sy aktiwiteite voortgesit.[352]

Aan die begin van 1895 het dit nie juis vrolik by die vereniging gegaan nie en gedurende die res van die jaar en 'n groot deel van 1896 het dit weinig presteer. Sowel die lede van die bestuur as Engelenburg het vir die behoud van die vereniging bly veg en in Desember 1896 is weer 'n opvoering aangebied. In 1897 en 1898 het die vereniging vrugbare jare beleef. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 het die werksaamhede van die vereniging tot stilstand gekom.[353] Oorsese toneelgroepe het soms in die ZAR opgetree. Toneelgeselskappe moes hulle akteurs, akteurs se klerekaste en toneeltoerusting, asook private besittings, op ossewaens en treine deur die land vervoer. Hulle was dae lank op reis en het oral waar hulle by dorpe gekom het, opgetree.[354]

Dit was bekend dat Engelenburg, waar hy ook in die land was, nooit 'n opvoering wat die moeite werd was, gemis het nie. Dit is dus waarskynlik dat hy die Gilbert & Sullivan-operas wat in die 1890's deur die Verdi Opera Company in die Presidentteater opgevoer is, bygewoon het. Lilian Stanbridge (die "Natal Nightingale") en Avon Saxon met *Cheron* en Von Biene met sy teaterstuk *Broken Melodies* het daar opgetree, asook Luscombe Searelle se toneelgeselskap.[355] Om toneel te bevorder, het Engelenburg gereeld resensies oor teateraanbiedings vir *De Volksstem* geskryf. Op dié manier het hy die gemeenskap aangemoedig om opvoerings by te woon en het hy probeer om 'n teaterkultuur te vestig. Sy resensies was daarop gemik om die gehalte van opvoerings te verhoog en om die gemeenskap te leer om krities na toneelstukke te kyk. So byvoorbeeld het hy oor die toneelstuk *The Queen's Favorite*, wat deur Searelle se toneelgeselskap opgevoer is en wat hy op 10 Mei 1892 bygewoon het, kritiek gelewer. Die kostuums was mooi en die toneelspel goed, maar oor die stuk self het hy weinig goeds te sê gehad. Dit was geskik vir 'n ouer geslag,

352 R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918, pp. 117-124.
353 R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918, pp. 125-126.
354 J. Fletcher, *The story of theatre in South Africa: a guide to its history from 1780-1930*, p. 111.
355 L. Dunston, *Young Pretoria 1889-1913*, p. 26.

maar het nie gepas in die nuwe dramatiese kunsvorm van die tyd nie. Oor die spelers het hy gesê dat Miss Ward[356] goed gespeel het en hy haar graag ook in ander rolle sou wou sien speel as net die tradisionele prinses wat in een minuut meer mooi volsinne gesê het as 'n gewone mens gedurende sy hele lewe.[357] Die heer Verhou het goed gespeel, "maar snuift slecht".[358] Mrs. Searelle[359] en Miss St. Ange het hulle rolle met verdienste gespeel, maar die samespel en regie het veel te wense oorgelaat. Engelenburg het die toneelstuk by die gemeenskap aanbeveel, maar die hoop uitgespreek dat hulle een keer 'n moderner stuk sou opvoer wat tot die gemeenskap van 1892 sou spreek.[360]

Sy belangstelling in die kultuur het verder gestrek as die visuele en uitvoerende kunste. Een faktor wat volgens hom besonder stremmend op die kultuurlewe van Afrikaners ingewerk het, was hulle gebrek aan leeslus. Engelenburg was 'n belese man en sy uitgebreide boekery het getuig van sy veelsydige letterkundige smaak. Hy het boeke nie net as versamelaar aangeskaf nie, maar het dit ook bestudeer. Hy het heel gou ná sy aankoms in Transvaal sy gewig by die Staatsbiblioteek in Pretoria ingegooi en was van 1893 af betrokke by die bestuur van die biblioteek. Die Staatsbiblioteek, vandag die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, het in 1887 amptelik sy bestaan as die "Staats-Bibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek", of kortweg "de Staats-Bibliotheek" begin.[361] Die biblioteek het sy ontstaan te danke gehad aan die bemiddeling van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging, wat in 1883 daarvoor gesorg het dat 'n volledige biblioteek van Nederlandse werke, hoofsaaklik op die gebied van die Nederlandse taal- en letterkunde, deur die Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden aan die Transvaalse owerheid geskenk is. Die doel van die skenking was om die Nederlandse letterkunde aan die volk van die Suid-Afrikaanse Republiek bekend te stel.[362]

356 Dame Lucy Genevieve Teresa Ward (1837-1922) was 'n Amerikaans-gebore Britse sopraan en aktrise wat deur Searelle na Suid-Afrika laat kom is. Sy was die eerste aktrise aan wie die titel *Dame Commander of the Order of the British Empire* toegeken is. Sy het dit op haar 84ste verjaardag in 1921 ontvang. Kyk J. Fletcher, *The story of theatre in South Africa: a guide to its history from 1780-1930*, p. 117.

357 F.V. Engelenburg, "Searelles Tooneelgezelschap", *De Volksstem*, 11.05.1892.

358 F.V. Engelenburg, "Searelles Tooneelgezelschap", *De Volksstem*, 11.05.1892.

359 Blanche Searelle was die eggenote van Luscombe Searelle.

360 F.V. Engelenburg, "Searelles Tooneelgezelschap", *De Volksstem*, 11.05.1892.

361 S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, 32&33, April en Augustus, 1960, p. 66.

362 S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, 32&33, April en Augustus, 1960, p. 66.

Versending van die boeke na Transvaal het langsaam maar seker voortgegaan. Huisvesting van die skenking was aanvanklik ontoereikend.


Op 28 Februarie 1885 het die regering 'n skoolgeboutjie op Kerkplein as 'n bewaarplek aangewys. Die gebou is in 1886 opgeknap en in September 1887 het die regering die reglement vir die Staatsbiblioteek goedgekeur. In dieselfde tyd is 'n voormalige leraar, ds. A. Begemann, as eerste sekretaris van die Staatsbiblioteek aangewys. Die boekeskenkings uit Leiden het in 1893 ten einde geloop.[363] Intussen het die Pretoria Public Library, wat in 1878 gestig is, en die Staatsbiblioteek in 1892 saamgesmelt. Die ruimte in die ou skoolgebou op Kerkplein was ontoereikend om die boeke van die geamalgameerde biblioteek te huisves. Die ruimte was ook te donker. Die regering, wat in die nuwe bedeling vir die huisvesting sou sorg, het daarna plek in die Erasmusgebou op Kerkplein beskikbaar gestel. Die naam Staats-Bibliotheek het egter behoue gebly, hoewel die inrigting 'n dubbele funksie sou verrig – dié van 'n Nederlandstalige biblioteek vir die Republiek en daarnaas dié van 'n openbare biblioteek vir Pretoria.[364] Laasgenoemde het in groot mate vir die Engelssprekende leserspubliek voorsiening gemaak. Die taal van die inrigting sou Nederlands wees en die helfte van die fonds vir boekaankope moes aan Nederlandse boeke bestee word.[365]

Die eerste bestuur van die nuwe saamgesmelte biblioteek, wat in 1893 verkies is, was die voorsitter, N. Mansvelt (superintendent van onderwys), N. Reinink (rektor van die staatsgimnasium), dr. G.A.F. Molengraaf (staatsgeoloog), F.V. Engelenburg as visevoorsitter, dr. J.W.B. Gunning (direkteur van die staatsmuseum), mnre. J.S. Marais (ouditeur-generaal) en J.A. van Kretschmar (besturende direkteur van die NZASM). Die eerste personeellede was mnre. Jan F.E. Celliers as hoofbibliotekaris, F.T. Nicholson en E.G. Phillips.[366] In 1899 het Engelenburg steeds as visevoorsitter in die bestuur van die biblioteek gedien.[367] Boeke is veral met geld wat die regering beskikbaar gestel het, aangekoop. Mildelike skenkings van onder meer Engelenburg,

---

363 J. Ploeger, "Die Staatsbiblioteek: die geskiedenis van 'n skenking" in *Lantern*, 16(1), September 1966, p. 54.
364 H.J. Aschenborn, "Die Staatsbiblioteek van 1887 tot die hede" in *Lantern*, 16(1), September 1966, p. 56.
365 H.J. Aschenborn, "Die Staatsbiblioteek van 1887 tot die hede" in *Lantern*, 16(1), September 1966, p. 56.
366 S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, 32&33, April en Augustus, 1960, p. 66.
367 *Staats-Almanak voor de ZAR*: 1899, p. 94.





DIXIÉME VOLVME
DE LA
GEOGRAPHIE
BLAVIANE,
CONTENANT
LE XVII. LIVRE
DE L'EUROPE,
ET
L'AFRIQVE.

A AMSTERDAM,
Chez JEAN BLAEU,
MDCLXVII.




Illustrasie 19: Een van die 12 dele van die *Atlas Blaeu* wat in die Nasionale Biblioteek in Pretoria gehuisves word en wat deur Engelenburg aan die biblioteek geskenk is. Foto: E. Steenkamp, September 2014. Skrywer was teenwoordig toe die foto geneem is.

regter H.A. Ameshoff en die Swedenborg Society of London[368] het gesorg vir belangrike uitbreiding van die boekebesit.[369] Die totaal van 12 300 boeke wat teen die 1890's in die biblioteek was, was volgens afdelings ingedeel: letterkundig, godsdienstig, geskiedkundig, reisbeskrywend, biografies, wetenskaplik en ensiklopedies. Daar was ook 'n afdeling vir boeke oor sosiale aangeleenthede en boeke met betrekking tot Suidelike Afrika.[370]

P.S. Coetzee, 'n latere direkteur van die Staatsbiblioteek, het as jong man vir Engelenburg geken toe *De Volksstem* se kantoor skuins oorkant die biblioteek was. As lid van die beheerraad was Engelenburg 'n gewaardeerde, maar ook gevreesde, figuur by die personeel. Volgens mnr. Coetzee het Engelenburg intens belanggestel in die aangeleenthede van die biblioteek en uit gewoonte gereeld ingeloer. By hom moes alles in die lewe honderd persent korrek wees. Coetzee kon nog onthou hoe hulle dit moes ontgeld as dinge nie na sy sin gedoen is nie. Reeds in die jare twintig van die twintigste eeu het Engelenburg sommige van sy waardevolste boeke, meestal Africana, aan die Staatsbiblioteek geskenk, onder meer 'n Franse uitgawe van die *Atlas Blaeu*,[371] 'n stel van 12 dele wat tussen 1662 en 1672 verskyn het.[372] Engelenburg het besef hoe belangrik dit was om die Boerevolk aan die lees te kry en het oor die biblioteek geskryf:

> In een land als het onze, waar men de school zoo vroeg verlaat ... is een Bibliotheek onmisbaar als een voortzetting van de school.[373]

**Samevatting**

Die biografiese geskiedenis van F.V. Engelenburg strook met A.P. du Plessis se bevindinge in sy studie oor Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika in die laat negentiende eeu, waarin verklaar

---

368 Die Swedenborg Society is in 1810 gestig. Die hoofdoelstelling van die vereniging was om die werke van Emanuel Swedenborg (1688-1772) te vertaal en uit te gee. Swedenborg was 'n Sweedse wetenskaplike, filosoof en visionêr. Die Society bestaan vandag nog. (Anon., "The Sweden Society" by http://www.swedenborg.org.uk, [geraadpleeg op 04.02.2015]).

369 *Staats-Almanak voor de ZAR*: 1898, p. 84.

370 S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, 32&33, April en Augustus, 1960, p. 69.

371 Die *Atlas Blaeu* is ook bekend as die *Atlas Maior*. Dit was die finale weergawe van Joan Blaeu se atlas, wat tussen 1662 en 1672 in Latyn (11 volumes), Frans (12 volumes), Nederlands (9 volumes), Duits (10 volumes) en Spaans (10 volumes), met 594 kaarte en ongeveer 3000 bladsye van die teks, in Amsterdam verskyn het. Dit was die grootste en duurste boek wat in die sewentiende eeu gepubliseer is.

372 S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, 32&33, April en Augustus, 1960, p. 69.

373 Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 31.01.1895.

word dat die migrant se lewe en gedrag vir die eerste paar jaar in groot mate gerig sou wees op die nastreef van die verwerkliking van vooropgestelde doelstellinge.[374] Du Plessis het in sy ondersoek bevind dat 'n persoon wat besluit om te emigreer, in sy oorspronklike samelewing een of ander onbevredigende toestand(e) ervaar het, 'n ervaring wat hom kan laat geld in een of ander spanning, disharmonie, ontevredenheid, insekuriteit met betrekking tot een of ander situasie in die samelewing waarin hy hom bevind. So 'n persoon kan sy omstandigheid beoordeel en bevind dat hy nie 'n bevredigende lewensbestaan kan handhaaf of bereik nie.[375] Die persoon wat besluit om te emigreer, by afwesigheid van dwangfaktore soos politieke en godsdienstige vervolginge wat sy bestaan of voortbestaan bedreig, doen dit op basis van persoonlike oorwegings, waar vele faktore eie aan die persoonlikheid en die persoon 'n rol speel en beslissend kan wees. So 'n persoon se handeling is gerig op die verkryging van selftevredenheid, om hom- of haarself te handhaaf en te bevorder.[376] In Engelenburg se geval was dit persoonlike faktore wat gelei het tot sy besluit om te emigreer. Die egskeiding van sy ouers het sy beroepslewe direk geraak. Ná 'n jaar in die regsberoep in 'n relatief vreemde stad (Den Haag) waar niemand hom geken het nie, het hy hom tot die joernalistiek gewend. Hy wou egter nie vir jare 'n ondergeskikte rol in die koerantwese speel nie. Sy geleentheid om 'n topposisie in die joernalistiek te beklee, het gekom toe die hoofredakteur van *De Volksstem* in Mei 1889 skielik in Pretoria oorlede is. Dit was dan ook nie lank nadat hy in Pretoria aangekom het nie, dat die pos van hoofredakteur hom aangebied is.[377] 'n Tweede faktor wat sy besluit om na Suid-Afrika te kom waarskynlik beïnvloed het, was die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde. Die ZAR het daardeur die potensiaal gehad om van 'n ekonomies onontwikkelde en arm land tot 'n relatief ryk land te ontwikkel.[378] Engelenburg het dit waarskynlik beskou as 'n geleentheid om ekonomies onafhanklik te word. In die beginjare het hy hom feitlik net toegespits op die joernalistiek.

---

374 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding en aanpassing, p. 110.

375 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing, p. 104.

376 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing, p. 107.

377 L.E. Brink, 'n Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die S.A. Akademie in 1909, pp. 70, 72 en 85.

378 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing, p. 30.

Engelenburg het hom wel reeds vroeg ná sy aankoms as sakeman onderskei en het voortdurend sakegeleenthede in die joernalistieke wêreld gesoek.

Hy was 'n onafhanklike denker wat krities gekyk het hoe die land bestuur word en het soms negatiewe kommentaar in die koerant gelewer. As gevolg van sy uitgesprokenheid het hy voortdurend gevrees dat die aandeelhouers van *De Volksstem* van hom ontslae sou raak. Sy grootste versugting was om die eienaar van *De Volksstem* te word, wat eers in 1895 sou realiseer, want dan kon hy skryf hoe en wat hy wou sonder die vrees om afgedank te word. Deur middel van die joernalistiek het hy gou bekend geword as politieke kommentator en meningsvormer. Die sake waarop hy die meeste kritiek gelewer het, maar wat hy ook beskou het as die belangrikste komponente om ekonomies te floreer, was op die gebied van die onderwys, die landbou en die ontwikkeling van 'n spoorwegstelsel. Hoewel Engelenburg negatief teenoor Kruger en die Volksraad se hantering van regeringsake gevoel het, het hy hom genoodsaak gevoel om tydens verkiesingsveldtogte positiewe verslae in die koerant te skryf om stemme vir Kruger te werf. Sy koerant was immers 'n mondstuk vir die Kruger-regering en boonop het hy in Kruger se verkiesingskomitee gedien. Hy was ook onder 'n verpligting om vir die regering in die bresse te tree omdat *De Volksstem* een van die min koerante was wat uitgesonder is om teen vergoeding regeringskennisgewings te plaas.

In vele opsigte was Engelenburg sy tyd ver vooruit, soos ook geblyk het met sy merkwaardige voorstelle in verband met rampbestuur vir Pretoria. Naas die onderwys en die ekonomiese voortuitgang in die ZAR, het die kultuur hom na aan die hart gelê. Weens allerlei omstandighede was die Afrikaner in Transvaal se kultuur nie goed ontwikkel nie en Engelenburg was van die begin af daarby betrokke om 'n eie kultuur onder hulle tot stand te bring. Die visuele en uitvoerende kunste het sy aandag geniet, sowel as die vestiging van 'n leeskultuur. Hoewel nie 'n gereelde kerkganger nie, het Engelenburg meegehelp om die kerktwiste tot 'n einde te laat kom. Die twiste het dikwels aandag geniet in die hoofartikels wat Engelenburg in daardie jare vir *De Volksstem* geskryf het. Vir hom was dit belangrik om die onmin beëindig te kry, omdat dit die gemeenskap en ook die regering verswak het en daartoe kon lei dat 'n vreemde moondheid die land oorneem.